waarheid & dwaling

RUGSTEUN VIR DIE AMP VAN GELOWIGE

JAARGANG 6, NO 4, APRIL 2000

1 Joh 4:6
"Hieruit ken ons die Gees van die waarheid en die gees van die dwaling"

INHOUD

1 **Redaksioneel**
*Kompromieë*
1 **Skrifoordenking**
*Wyn (1)*
Ds SJMS Smit
3 **Fokus**
*Begin van kerkvervolging?*
Ds ALA Buys
5 **Boekbespreking**
*Die Bybellennium (4)*
Ds HLJ Momberg
7 **Mediese etiek**
*Twee siek prinse*
Dr JM Boon
9 **Uit die verlede**
*Skrifkritiek - verwerping van Skrifgesag*
Prof JD du Toit (Totius)
10 **Persskou**
• *Minder gereformeerd, meer charismaties?*
• *Symbole wen veld in NG kerk*
• *Is die ouderlinge gebedsgenesers?*
• *Kort - maar kragtig*
Ds GJ Meijer

**REDAKSIONEEL**

# KOMPROMIEË

Twee of meer partye staan teenoor mekaar. Hulle wil tot 'n vergelyk kom. Die geskeie partye kom ooreen dat elkeen iets sal toegee of opoffer. So 'n ooreenkoms is 'n kompromie.

Post-moderniste probeer om met die Here kompromieë aan te gaan. Hulle wil God wel dien, maar op voorwaarde dat Hy van sy kant ook iets opoffer. Van hulle gooi water by die wyn van die evangelie. Ander post-moderniste maak dit nog erger; hulle voeg die wyn van die evangelie by hulle water.

Bewyse hiervan?

- Christene bid saam met voorgangers van ander godsdienste in byeenkomste waarin die gelykheid van alle godsdienste gepropageer word.
- Die Bybellennium: Gereformeerde teoloë werk saam met teoloë wat die goddelike oorsprong en gesag van die Skrif loën.
- Lidmate van die kerk verrig nie-noodsaaklike arbeid op die rusdag.
- Mense bid om seën op hulle Sondag-sport, terwyl hulle die eredienste versuim.
- Mense gaan twee maal per Sondag kerk toe, maar maak nie hulle beurse vir die onderhoud van die erediens wyd oop nie.

Die Skrif sê vir almal wat hulle water met die wyn van die evangelie meng: Niemand kan twee here - God en Mammon - dien nie. Julle kan nie deel hê aan die tafel van God en aan die tafels van die duiwels nie.

Wie die wyn van die evangelie by die water voeg, span God voor sy karretjie. Die Woord van die Here word heeltemal by die sondige begeertes aangepas. Wat God uitdruklik verbied, keur hierdie post-modernis goed. God moet sy wet opoffer vir die mens se begeerlikhede.

Christene wat enige kompromie met die Here wil aangaan, verloor die a b c van die geloof uit hulle oog en hart. God en sy volk is nie partye wat teenoor mekaar staan en tot 'n akkoord moet kom nie. Die Here het van sy kant die verhouding wat ons verbreek het, herstel. Hy het in Christus versoening tot stand gebring en daarby die grootste offer gebring, die offer van sy Seun vir ons toe ons nog vyande was. Wat bewerk die Gees van God in die lewe van sy verloste kinders? Nie 'n kompromie, 'n gee-en-neem-verhouding met God nie, maar dank vir hulle verlossing. Nie 'n verdraaiing en verkleinering van God se gebooie nie, maar blymoedige uitvoering van God se gebooie - ook al geskied dit met sonde en swakheid wat teen hulle wil in hulle oorbly.

# Wyn (1)

**Ds SJMS Smit,**
Oos-Moot

*Psalm 104:15*

**'dat wyn die mens se hart kan bly maak.'**

Ons het in die verlede gesien hoe die brood op die nagmaaltafel beland het.

Hoe beland die wyn op die nagmaaltafel, en watter betekenis bring dit saam?

Wat die vraag moeilik beantwoordbaar maak, is dat (behalwe in buite-bybelse bronne) ons eers by die instelling van die nagmaal lees van die beker wyn by die pasga. Nêrens beveel die Here die wyn eksplisiet en boonop in 'n beker as teken by die pasga nie, selfs nie in Eksodus 12 nie.

Hoe beland die wyn op die pasgatafel?

Die antwoord moet ons in die openbarings- en heilshistoriese voortgang **in die Skrif**, tussen die gebruike van die Jode en die verordeninge van God soek.

## Troos

Ons begin by Lameg, want daar lees ons vir die eerste keer van wyn. Lameg ontvang in Genesis 5 'n openbaring van God. Die seun wat hy verwek het, gaan die mensdom troos oor die werk en die mens se moeitevolle arbeid van sy hande wat voortkom uit die aarde wat die Here vervloek het. Toe noem hy hom Noag. Troos. Troos temidde van vloek. Die troos breek dan ook deur. Danksy God se verbondstrou en sy verbondsliefde word Noag en sewe ander van die oordeel van God se sondvloed gered.

En die troos? Noag bou 'n ark en plant 'n wingerd. Hy produseer wyn. Danksy God se verbond met die mens en met sy skepping, produseer Noag wyn, dat wyn die mens se hart kan bly maak (Ps 104:15). Die wyn wat hom sy smart versoet (berymd).

## Wyn met 'n profesie

Wyn - wat troos, wat terugwys na God se verbondsgenade, en vooruitwys na God se

opheffing van die vloek. Wyn wat die mens se smarte versoet, wyn met 'n profesie van toekomende redding van die vloek. Dit is egter nie die wyn wat redding gee nie; die redding is vervat in die (ou) Verbond van God.

## Wyn word volksbesit

Danksy God, die Skepper, wat die wynstok gemaak het, is daar wyn om die mens se vermoeide siel te verkwik. Sedert die dae van Noag is daar wyn op die tafels van die kinders van God. Die Here self beveel sy volk as hulle tiendes na Hom toe bring: 'koop vir jou wyn ... en wees vrolik voor die aangesig van die Here' (Deut 14:26). 'n Vrolike feesvierende skare. Wyn word kultureel deel van die volkshuishouding, en wyn word 'n onmisbare deel van al die kultiese feesgeleenthede – op bevel van die Here. Die wyn is daar by troues, by begrafnisse, by offers, by alle feesgeleenthede. Die wyn wat ons siel verkwik.

## Wyn by die offers

In Deuteronomium 27, waar God se verbondsbelofte aan Abraham vervul word, en die volk die beloofde land intrek, beveel die Here dat hulle dankoffers moet bring, en vrolik wees voor die aangesig van die Here hulle God. Die Jode vra dan: Waarmee kan jy vrolik gemaak word? Deur wyn, die wyn wat jou siel verkwik en opvrolik. Uit verskeie plekke in die Skrif sien ons dat goeie ete en drinke onafskeidbaar deel van die feesvreugde uitgemaak het. Parallel met die opdrag van die Here om 'vrolik te wees voor sy aangesig' is die opdrag om 'te eet voor sy aangesig'. Die offermaaltyd met sy ete en drinke is die sentrum van die feesdae, of vreugdedae.

Dit blyk dan, behalwe vir die wyn wat as drankoffer op die altaar uitgegiet word, dat die mense ook van die wyn gedrink het, veral gepaardgaande met die dankoffers. Waar hulle die goedheid van God gevier het en vrolik was voor sy aangesig (nie dronk voor sy aangesig nie, vrolik vir sy aangesig).

## Offerwyn by die pasgaviering

Vir die eerste keer, in die tyd van die hervorming van koning Josia (2 Kon 23:22; 2 Kron 35:12, 16-17) blyk dit dat daar wyn by die pasga (in besonder by die gepaardgaande offers) betrokke is. Wyn was verpligtend by die amptelike offers van die fees van die ongesuurde brode wat 'n onderafdeling van die pasga was, en so vind ons dit dan by die pasga van Josia, wyn - op bevel van die Here.

Wyn - in die konteks van feesvrolikheid, dank vir versoening en herinnering aan die goedheid van God danksy sy verbond met Abraham (Num 28:7; 16-32(24)). Wyn - as drankoffer wat gedeeltelik op die altaar uitgegiet is om daardeur die wyn te heilig, getuig dat lewensonderhoud en lewensverkwikking van die Here afkomstig is.

## Van tempeloffers tot huispasga

Ná die val van Jerusalem en verwoesting van die tempel, (586 voor Christus), as die offerdiens en pasga-offers by die tempel ophou, die volk in ballingskap is, dan word die gepaardgaande pasgaoffers nie meer by die tempel gevier nie, maar deur gesinne in verstrooiing, en kry ons wyn by die pasga, as oorblyfsel van die drankoffer-ritueel van die pasga en sy gepaardgaande feeste. Wyn – die wyn wat sy smart versoet, sy siel verkwik, vertroos, hom vrolik maak voor die aangesig van die Here.

## Wyn op die pasgatafel

So gebeur dit dan met die ontvouing van die heilsgeskiedenis, met die meerdere openbaring van die Verbonds-God aan sy volk, dat die wyn op die tafel van die Joodse pasga beland. As deel van die maaltyd, as oorblyfsel van die wetlike voorskrifte van die Here, as troos en verkwikking om die mens (in ballingskap) op te vrolik.

## Wyn by die pasga in Jerusalem

Dit was daarom niks snaaks vir Jesus om 'n beker wyn by die pasgavieringe te vind nie, al lees ons by die instelling van die nagmaal vir die eerste keer daarvan. Trouens, nie net een beker nie, maar vier bekers. Daarmee word bedoel dat die beker vier keer volgeskink word.

## Hoe groot was die beker?

Die Bybel beskryf geen afmetings nie. Uit die Joodse wette blyk dat die beker so groot moet wees, dat as die huishoof wil hê almal moet daaruit drink, dan moet almal daaruit kan drink. Sodat hulle simbolies kan beleef hulle almal deel in die seën het. Niemand sou, as die hoof van die huisgesin - nadat hy die seën uitgespreek het - hulle beveel om uit die beker te drink, dit weier nie, omdat almal deel het (en wil hê) aan die seën. Jy kan nie weier, as jy beveel word: 'Drink almal daaruit' nie.

Hulle het wyn gedrink. Wyn wat integraal deel van die pasga geword het en daarmee die geskiedenis van die verbondshandelinge van die Verbondsgod met sy volk saambring na die pasgaete. Sondvloed, uittog, versoening, ballingskap, verkwikking en troos in alles, om hulle na ware troos te lei.

## Bekers met betekenis

Die eerste beker is geskink en voor hulle dit drink, word die seën (dank) daaroor uitgespreek. Die inhoud van die seën (danksegging) is om God te loof omdat Hy die wingerdstok en sy vrug gemaak het; Hom te loof oor die uitverkiesing kragtens sy (ou) verbond; omdat Hy hulle heilig maak deur sy wet; omdat Hy aan hulle feesdae en die rede vir feesvreugde gee; omdat Hy hulle bevryding/redding skenk; omdat Hy sy uitverkore volk aan die lewe hou, onderhou, bewaar het om weer


*Redaksie:*
Ds ALA Buys
Ds GJ Meijer
Dr JG Meijer

*Eindredaksie:*
Dr JG Meijer
Posbus 31712
Totiusdal
0134
Tel (012) 329-1465
E-pos:
jgmeijer@cybertrade.co.za

*Medewerkers:*
Prof JC Coetzee
Prof GJC Jordaan
Dr JM Boon

*Administrasie-adres:*
Waarheid en Dwaling
Posbus 31712
Totiusdal
0134
Tel (012) 335-9134
(Mev Hanneke Das)

*Intekengeld:*
R 70 per jaar

*Taalkundige versorging:*
Mev Rita Botha

*Tegniese versorging:*
Printburo
Posbus 25316
Gezina
0031
E-pos: printbur@mweb.co.za

pasga te kan vier. Die eerste beker: uitverkiesing, heiligmaking, redding – van die vloek.

Die tweede beker word hierna geskink en dan volg die vertelling van die pasga-geskiedenis.

Teenoor die brood wat teken is van God se verbondsbeloftes van seën en wraak, van verdrukking en swaarkry... word die beker opgelig om die goedheid van God te 'vier'. Dit begin by sy (verbonds) belofte van verlossing en dat Hy altyd sy volk red uit die hand van die vyand. Hulle bring aan God dank, loof, prys, verheerlik, eer, verhoog sy Naam en besing sy roem oor die uittog en die intog en sy wonderwerke wat Hy aan hulle voorvaders en aan sy volk gedoen het: hulle oorgebring het van slawerny na vryheid, van droefheid na vreugde, van rou na feesviering, van donkerte na lig, van gevangenskap na verlossing. Die wyn wat sy smart versoet. Later word die tweede beker weer opgelig, nadat die uittog-geskiedenis vertel is, om God te dank vir die verlossing, vir die pasga-instelling, en tot Hom te bid vir 'n lang lewe, vredevolle feesdae, herbouing van Jerusalem en herstel van die tempel, die nuwe tempel, en verlossing van Israel – daarna word die tweede beker gedrink.

## Derde beker

Dan word die derde beker geskink. Die beker van danksegging ná die ete. Met die oplig van hierdie beker word die Here geloof en geprys oor sy goedheid, sy genade, sy ewigdurende liefde, sy barmhartigheid, sy voorsienigheid, wat rede vir feesvreugde en vrolikheid verskaf. Hy word gedank vir 'n nalatenskap wat Hy aan sy uitverkore volk gegee het, nl: die beloofde land en verlossing uit slawerny - redding.

Dan, in die besonder, dank die Jode wat pasga vier, God vir die verbond wat verseël is in hulle vlees. Vir die besnydenis. Die Ou Testament (bloedverbond) wat in die vlees beteken is. Hulle dank God vir die wet en verordeninge (van die ou verbond). Hulle dank Hom vir die lewe, guns en liefde wat Hy ryklik aan hulle skenk, en hulle dank Hom vir die kos.

Hiermee saam volg 'n gebed om genade, voorsiening, versorging en bevryding van probleme. En hulle bid tot Hom, die goeie God, om goed te doen aan sy volk, omdat Hy in die verlede aan hulle goed gedoen het, steeds aan hulle goed doen, en ewig goed aan hulle goed sal doen.

Die derde beker is die beker van danksegging, waarmee die Ou Testamentiese goedheid van God gevier word. Dít is dan die pasgagangers se rede vir feesvreugde: Die Ou Testamentiese beloftes van God en nalatingskap van die (ou) verbond.

God word met die derde beker gedank vir sy goedheid, sy genade, sy barmhartigheid, sy voorsienigheid, sy uitverkiesing, sy redding, kragtens die ou verbond wat Hy in hulle vlees met die besnydenis verseël het,wat nou aan hulle feesvreugde, troos, vrolikheid en hoop verleen.

Dit is hierdie beker wat Jesus Christus vervul met die instelling van die nagmaal – ter vervulling van Lameg se openbaring en Noag se profesie, om sy uitverkore bondsvolk se aandag op die ware rede wat die mens vir feesvreugde en vrolikheid het, te vestig.

---

FOKUS

# Begin van kerkvervolging ...?

**Ds ALA Buys**, Piet Retief

**Mens het nooit kon dink dat jy ooit in Suid-Afrika so 'n vraag hoef te vra nie. Genadiglik is dit nog net 'n vraag, en nie 'n stelling met bewyse nie. Lesers moet dus ook nie op hol gaan, en onregverdige gevolgtrekkings maak uit hierdie artikel nie. Aan die ander kant mag gelowiges nie vanweë naïwiteit en goedgelowigheid onkant gevang word nie.**

Wat is die basis vir hierdie ontstellende vraag: Kan daar kerkvervolging in Suid-Afrika begin ? Uit die Skrif weet ons dat die kerk wel in die laaste dae (die tyd tussen Christus se hemelvaart en sy wederkoms) toenemend vervolg, verdruk en selfs menslik gesproke verdelg word. Openbaring 11:7 sê dat die dier die twee getuies sal oorwin en hulle doodmaak. Ons moet dus nie dink dat iets wat in die Skrif oor die kerk geprofeteer word, nie in ons land en in ons tyd ons kan tref nie. Maar dit daar gelaat. Die vraag 'kan die kerk vervolg word' moet dus uit die Skrif beantwoord word met 'ja'. Die vraag: 'Kan dit in ons tyd en in ons land gebeur', verg 'n nugtere oordenking van die feite voor hande.

## Nuwe wet

In die vorige sitting van die parlement is 'n wetsontwerp[1] goedgekeur genaamd: "Promotion of equality and prevention of unfair discrimination bill" [B 57b-99, ISBN 0621 29135 8]. Hierdie wet het ten minste vier ingrypende gevolge vir die kerk van Christus in Suid-Afrika, naamlik:

- kerkraadsbesluite en kerklike gebruike kan nou deur die howe getoets word;
- die tug en kerklike vermanings kan as haatspraak gesien word;
- die bewyslas tot onskuld lê by die beskuldigde;
- hierdie wet het voorrang bo ander wette.

Laat ons dit punt vir punt bewys en moontlike gevolge aantoon.

## Kerklike gebruike 'hoflik' getoets

Volgens die wet word diskriminasie verbied. 'Discrimination means any act or omission, including a policy, law, rule, practice, condition or situation which directly or indirectly (a) imposes burdens, obligations or disadvantage on, or (b) withholds benefits, opportunities or advantages from any person on one or more of the prohibited grounds' (Hfst. 1:1(viii, a,b). Die verbode grond vir diskriminasie sluit natuurlik soos verwag 'ras' in, maar ook godsdiens ('religion,' hfst 1:1(xxii, a) en seksuele orientasie.

## 'n Moslem tikster?

Die implikasie is dat waar 'n kerkraad byvoorbeeld 'n reëling het dat net christene in hulle kerkkantoor mag werksaam wees, dit tans deur die wet verbied word as godsdienstige diskriminasie. As 'n Moslem vrou met dieselfde (of selfs beter) sekretariële vaardighede van die pos sou hoor en aansoek doen, en die kerkraad haar weier, - omdat sy nie 'n christen is nie – sy hulle

[1] Die engelse teks is die amptelike teks van die wetsontwerp en daarom sal regdeur die artikel in Engels aangehaal word as na die wet verwys word.

deur die wet kan verplig om haar òf aan te stel òf te vergoed vir die voordele en geleenthede wat sy daardeur ontbeer het. Die wet laat nie toe dat jy iemand na sy geloof vra as jy hom of haar 'n werk aanbied, al is dit in 'n kerkkantoor nie.

Maar dit hoef nie net 'n nie-christen te wees nie. Sê nou maar die kerkraad het 'n afspraak dat mense wat in die kerkkantoor werk van onbesproke karakter moet wees, dan kan 'n christen, selfs 'n lidmaat, wat byvoorbeeld in 'n buite-egtelike verhouding is, nie geweier – of ontslaan word – as gevolg daarvan nie. Al wat die hof in ag neem, is of die persoon die verlangde werk kan doen, en nie in wattter verhoudings die persoon betrokke is nie.

## Tug gesien as haatspraak

Die wet bepaal verder oor teistering die volgende: 'harassment means unwanted conduct which is persistent or serious and demeans, humiliates or creates a hostile or intimidating environment or is calculated to include submission by actual or threatened adverse consequences and which is related to (a) sex, gender or sexual orientation; or (b) a person's membership or presumed membership of a group by one or more of the prohibited grounds or a characteristic associated with such groups.' (Hfst 1:1 xiii, a,b).

Waar 'n kerkraad vermanend optree en tug toepas, geduldig en met alles wat die Skrif vereis en kerkorde bepaal, daar kan 'n lidmaat dit as teistering en bedreigend en intimiderend ervaar. Indien dit gebeur, kan die lidmaat 'n saak teen die kerkraad in die hof aanhangig maak op grond van diskriminasie op godsdienstige gronde. In uiterste gevalle, sê maar waar 'n ongetroude lidmaat 'n aborsie wil toepas, en die kerkraad haar waarsku dat dit volgens die Skrif kindermoord is, en sy wel daarmee deurgaan, en dus getug word vanweë verharding en die nagmaal geweier word, en die saak dien voor die hof, die wet die kerkraad kan verplig om haar aan die nagmaalstafel toe te laat, want haar 'membership ...of a group' (in die geval die betrokke gemeente) mag nie opgehef word op grond van haar uitoefening van haar reg volgens die 'termination of pregnancy bill' nie. Kerkrade en gemeentes moenie dink dis 'n gogga-maak-vir-baba-bang storie nie, en dit sal nie by ons gebeur nie. Of gaan ons sê daar is nie gereformeerde lidmate wat buite die huwelik swanger word nie, en gaan ons regtig beweer dat daar geen lidmaat is wat dit gaan oorweeg om 'n aborsie te ondergaan nie?

## Alleenreg

Hierdie wet sny tussen murg en been. Dit kan onder andere die toegang tot die nagmaalstafel reël – iets wat Jesus Christus alleen toekom. Soos vroeër al beweer en bewys is: menseregte (waaraan hierdie wet spierkrag en bytmag wil gee) is in direkte konflik en opposisie met die gesag en alleenreg van Christus. Hoelank sal ons nog op twee gedagtes hink, voordat ons dit besef? Moet ons nou eers voor die howe gesleep word voordat hierdie werklikheid tot ons deurdring?

Kerklike tug, ja die evangelie self, kan as haatspraak gesien word. Oor haatspraak sê die wet die volgende: 'Prohibition of hate speech. [hfst. 2:10(1)]. Subject to the provision in section 12. No person may publish, propagate, advocate or communicate words based on one or more prohibited grounds, against any person, that could reasonably be construed to demonstrate a clear intention to (a) be hurtful (b) be harmful or to incite harm (c) promote or propagate hatred'.

Die gevolg hiervan is verreikend. Enige persoon van 'n ander godsdiens wat seergemaak voel oor wat 'n christen sê, publiseer, ens. word deur die wet verbied. Dit het implikasies vir die sendingwerk van die kerk. Sou 'n Hindu aanstoot neem dat 'n christen in die openbaar (want op die markplein moet ook oor Christus gepraat word) aanstoot neem en gekwes voel ('harm'), dan het die christen die wet oortree omdat hy sê daar is net een enige God (Deut 6:4ev). Wat sou 'n aanhanger en aanbidder van die voorvadergeeste sê as jy hom probeer oortuig dat sy gebruike demonies is? Sou hy aanstoot neem? Natuurlik kan hy, want al wat die christen het om sy stelling te bewys is die Skrif. Wat gaan die howe met die Skrif (publikasie) maak wat aanleiding gee tot sulke 'haatspraak'? Mag God ons bewaar om eers daaraan te dink dat die Skrif verbied sou kon word, omdat dit die diskriminasie-dokument van die christene is.

## 'n Weg of die weg

Volgens wet is dit toelaatbaar vir die kerk om te preek dat Jesus Christus 'n oplossing, 'n weg tot saligheid is, as jy so sou verkies. Jy mag egter nie sê: Jesus Christus is die weg, die waarheid en die lewe, en niemand kom na die Vader behalwe deur Hom nie (Joh. 14:6). Onlangs moes 'n charismatiese kerk 'n kennisgewing-bord aan die rand op hulle kerkgrond, wat van die snelweg af gelees kon word, verander. 'n Staatsdepartement het dit as steurend vir die openbare mening gesien, as haatspraak. Op die bord het gestaan: 'Jesus Christ, your sole solution'.

Is dit nie maar alweer die truuk wat satan al met Paulus hulle probeer het toe daar 'n dogtertjie met 'n waarsêende gees agter hulle aangeloop het wat geskree het dat hierdie manne julle 'n weg tot die saligheid verkondig nie?

Die hart van die evangelie is op die spel. Die woordjie "n' of 'die' was nog nooit so belangrik in die kerklike woordeskat van Suid-Afrika nie. Christus is DIE enigste Verlosser. Naas Hom is daar geen uitweg nie. Wie gaan nog aanstoot neem aan die verkondiging oor die hel? Hoeveel mense gaan nie gekrenk seerkry om so iets verskrikliks te hoor nie? Hoeka al sê teenstanders van die Calvinisme dat die uitverkiesing diskriminasie is. Hier is nou 'n kans om wetlik daardie steurende waarheid te muilband.

Wie wil nog dink menseregte gaan die kerk beskerm teen staatsuitbuiting? Hier is eerder 'n adder in die boesem, ons eie trojaanse perd.

## Skuldig tot jy onkuld bewys

'n Hoekpilaar van die Romeins-Hollandse reg (wat as geheel natuurlik nie verwar moet word asof dit uit en uit skriftuurlik is nie) het 'n baie belangrike beginsel, wat mens as gelowige ook moet ondersteun. Dit is: iemand is onskuldig totdat jy skuldig bewys is.

Sonder veel fanfare, stil-stil is dié beginsel in hierdie wet by die agterdeur uitgegooi. Die wet sê hieroor die volgende: 'If the complainant makes out a prima facie case of discrimination (a) the respondent must prove, on the facts before the court, that the discrimination did not take place as alleged; or (b) the respondent must prove that the conduct is not based on one or more of the prohibited grounds' [hfst. 3.13(1, a,b)].

'n Kerkraad hoef maar net beskuldig te word en dan word daar 'n hofsaak aanhangig gemaak. Of die beskuldiging nou steek hou of nie, die kerk moet koste aangaan om sy onskuld te bewys. Dit is 'n sataniese beginsel: skuldig tot jy onskuldig bewys is. Dis 'n strategie van die satan waardeur hy die kerke kan verarm. Miskien gaan ons nog in die toekoms ramings hê om hofgedinge mee te betaal. Te vergesog? Ons hoop maar so ...

## Die wet het voorrang

Waar hierdie wet se toepassing in stryd is met regte en gebruike wat deur ander wette (wat tans op die wetboek is) verskans word, het die diskriminasie-wet voorrang. So moeilik geloofbaar as wat dit klink, is dit op wit en swart as wet gepubliseer: 'This Act binds the State and all persons. If any conflict relating to a matter dealt with in this Act arises between this Act and the provisions of any other law, other than the Constitution or any Act of Parliament expressly amending this Act, the provisions of this Act must prevail' [hfst.1:5(1)(2).

Die gevolg hiervan is as volg: Tans is daar 'n reëling dat die bedienaars van die Woord ook as huweliksbevestigers optree soos elke denominasie dit bepaal. Dit beteken dat 'n predikant as huweliksbevestiger nie iemand hoef te trou, van wie hy nie in sy gewete rustig is nie. So het dit al die jare gewerk. Die huidige wet het egter voorrang bo daardie bepaling. Tans is dit so dat as 'n homoseksuele paartjie by 'n dominee kom met die versoek dat hulle in die 'eg' verbind moet word, en die predikant weier op gewetensgronde, hy die wet oortree en die gevaar loop om sy huwelikslisensie te verloor, omdat die wet oor getroude status die volgende bepaal: 'Marital status includes the status or condition of being single, married, divorced, widowed or in a relationship, whether with a person of the same or opposite sex, involving a commitment to reciprocal support in a relationship' [hfst1:1(xv).

Hierdie is vier moontlike werklikhede wat die kerk in Suid-Afrika kan beleef. Gaan dit gebeur ? Ons weet nie. Kan dit gebeur? Ja, en dit kan wetlik gebeur.

Ons kerke moet nie met 'n wiegeliedjie oor hierdie wet aan die slaap gemaak word nie, want dan gaan die kerk 'n wiegiedood sterf. Alles wat kan gebeur, gaan nie noodwendig gebeur nie. Maar diegene – ook in die GKSA - wat sê menseregte is 'n onskadelike liefdesuiting moet weer dink wat hulle by die kerke aanbeveel. Die wat sê ons moet menseregte 'n christelike baadjie omhang, moet tog erken dat hierdie wet - in wese – anti-Christus is.

Hier is met vers en kapitel bewys dat daar teen die kerk gediskrimineer KAN word. Wetlik. Daarom vra ons weer die onweers-vraag: Begin ons kerkvervolging hier ....?

---

**BOEKBESPREKING:**

# DIE BYBELLENNIUM (4 slot)

**Ds HLJ Momberg,** Pretoria

**Jesus het met sy omwandeling op aarde weldeeglik gewaarsku dat alles op aarde en in sy kerk tot en met sy wederkoms nie vrede en harmonie sal wees nie. Die kerkgeskiedenis het reeds die verbluffende waarheid van hierdie waarskuwing oor en oor bewys. Trouens, dit kan as 'n sentrale lyn dwarsdeur die hele geskiedenis van die openbaring asook die kerkgeskiedenis aangetoon word, dat daar stryd was. En hierdie stryd is deur niemand anders as die HERE self ingestel nie. 'Ek sal vyandskap stel tussen jou en die vrou, en tussen jou saad en haar saad..' Gevolglik strek die stryd tussen die geslag van God en die geslag van die slang vanaf die sondeval en tot met die jongste dag wanneer die Seun van die mens die seun van die verderf sal verdelg met die asem van sy mond.**

In dae soos hierdie waar almal vrede, vrede skree, samewerking en harmonie, is dit dan juis nodig om weer hierdie kernmoment van die evangelie te benadruk, dat die duiwel rondloop soos 'n brullende leeu om te kyk wie hy kan verslind en dat ons as verlostes van Christus gewaarsku is om die wapenrusting van God strydvaardig aan te trek.

## Strydende kerk

Ons mag nooit vergeet dat ons in hierdie bedeling nog in die strydende kerk is nie. Die oomblik wanneer die aandag van hierdie sentrale gedagte van ware kerkwees afgetrek word, het ons die vyand reeds ten prooi geval. En nou is dit nie veronderstel om vir ware gelowiges nuus te wees hoedanig die taktiek van die koninkryk van die duisternis is nie.

Jesus sê dat hy na ons toe kom in allerlei vorme van namaaksels. Langsaan die skape in die kudde plant die vyand sy 'wolwe in skaapsklere.' Langsaan die evangelie van genade kom verkondig die vyand die evangelie van 'heiliging' in eie krag. Langsaan die apostels van die Here Jesus verskaf die satan sy valse apostels. Langsaan die profete van die Here stuur die satan weer sy valse profete. Naas Christus verskuil die satan homself as die antichris onder die gelowiges. Naas die bystand van die engele van God, kom verskyn ook die engele van die Satan ewe hulpvaardig en doen hulleself voor as engele van die lig. Die Satan dryf sy eie mens-pionne aan om die kerk van Christus binne te sluip en rus hulle met die wonderlikste gawes toe om die kindertjies van die hemelse Vader te laat struikel, mense vir wie dit beter sou wees as 'n meulsteen om hulle nekke gehang word en hulle in die dieptes van die see gegooi sou word.

Daar is weer oë en ore en harte en hande en verstande en voete nodig wat opnuut moet raaksien en optree. Raaksien hoedat daar teen die waarheid, die eenheid, die outoriteit van God se persoonlike openbaring aan ons opgestaan word, en hoedat duisende mense daarmee op sleeptou geneem word, en hoedat dit op die mees gemaklike manier, blink en gebruikersvriendelik, met afgemete strategie vir onkundige gelowiges met die teelepel ingevoer word, en so die kerk van God van die Woord van God beroof word. Maar ook dan optree daarteen, ter wille van die heilige Naam van die God van die slagordes van Israel, ter wille van die suiwere bewaring van die Kerk van die Here Jesus Christus, en ter wille van die behoud van duisende soekende gelowiges wat op 'n dwaalspoor gelei word.

Daar moet raakgesien word dat nie almal christene is wat sê dat hulle christene is nie, en daar moet opgetree word om die voortgesette verleiding uit die kerk van Christus te weer.

Dit is met hartseer dat die openbare tentoonstelling van opstand teen God in die gedaante van die glanspublikasie, die Bybellennium, ontmasker moet word as een van daardie dinge waarteen ons in HK, Sondag 48, bid as ons vra: 'Vernietig die werke van die duiwel, elke mag wat teen U opstaan, en alle kwaadwillige planne wat teen u heilige Woord bedink word... '

## Nuwe Testament

Hierdie is bedoel as die laaste artikel in die reeks wat die pas verskene eenvolumekommentaar beoordeel. Hierdie keer is dit die gedagte om op sekere sake rakende die kommentaar van die Nuwe Testamentiese boeke in te gaan.

Vrae wat voortdurend vir die leser op die gemoed lê, is: Bring die bybelkommentaar my waarlik uit by dit wat die Heilige Gees met die bepaalde Skrifdeel openbaar? Bring hy dit na my toe sodat ek dit as God se openbaring eien? Bring hy dit na my toe as die onvervalste melk van die Goddelike Woord om die bedoeling van God met gelowiges van alle eeue, ook met my in hierdie eeu te bereik? Die verwarring kom wanneer een uitleg bevraagteken word, en die kommentator dan gereed staan met nog een of twee, drie ander wat wel vir die leser bevredigend sal wees.

## Evangelie van Johannes

Ek het vir 'n oefenlopie sommer by die Johannes-evangelie ingeval. Die kommentator vertel: Wie God is 'word deur soveel mense op so baie maniere beantwoord. ... Kom leer wie Jesus is en wat Hy vir jou kan doen by Johannes, iemand wat Hom goed geken het en self deur sy teenwoordigheid verander is om 'n kind van God te word.'

Hoe het die boek ontstaan? Die kommentator skryf: 'Johannes het nie sommer eendag besluit om 'n evangelie te skryf en toe onder 'n boom gaan sit en begin skryf nie.... Die volgelinge het onthou wat Jesus alles gesê en gedoen het. Soos die tyd verloop het, het nuwe situasies natuurlik ook in die gemeente opgeduik. Die gemeente wou natuurlik graag doen wat Jesus van hulle verwag. Daarom het hulle die woorde en dade van Jesus wat hulle kon onthou as maatstaf gebruik vir die besluite wat hulle moes neem. So het die gemeente se behoeftes eintlik die woorde en dade van Jesus na vore geroep wat vir hulle situasie belangrik was.'

'n Voorbeeld hiervan word genoem as die geleentheid waar en hoe Jesus met die Samaritaanse vrou by die put van Jakob gepraat het (hfst 4). Dis dan iets wat die gemeente onthou het toe daar ook eendag 'n Samaritaan aangekom het wat deel van die gemeente wou word terwyl die Jode nie van die Samaritane gehou het nie. So was die Johannes-evangelie dan eintlik 'n samestelling van herinneringe van die Johannes-gemeente aan die woorde en dade van Jesus, en al wat Johannes gedoen het, is dat hy as waarborg van die waarheid van die Evangelie ingestaan het – en op hierdie manier kan Johannes as die skrywer gesien word.

Dis meteens duidelik dat die kommentator meen dat die Johannes-evangelie die produk is van 'n gemeente-teologie (die neerslag van 'n gemeente se nadenke oor Jesus), en nie die geïnspireerde openbaring van die Heilige Gees deur die pen van Johannes wat in Hfst 21: 24 – 25 skryf: 'Dit is daardie dissipel wat van hierdie dinge getuig en hierdie dinge geskryf het, en ons weet dat sy getuienis waar is. En daar is nog baie ander dinge wat Jesus alles gedoen het, maar as hulle een vir een beskrywe moes word, sou die wêreld self, dink ek, die geskrewe boeke nie bevat nie.' Meteens kom die leser in 'n etiese worsteling: Is dit die kommentator wat dit reg het, of moet ons maar liewer die teks self glo wat verklaar dat Johannes self die Evangelie neergeskryf het? As die kommentator reg is, dan beteken dit dat hfst 21: 24 'n infame leuen is, bedrog is.

Verder word 'n laat datering vir die evangelie gekies (tussen 90 en 100 nC), onder andere weens die hoë vlak van nadenke oor Jesus in die evangelie en die feit dat Christene uit die sinagoges gegooi is (16:2). Die profetiese en monopleuriese openbaring van God in en deur die getuienis van sy geënspireerde apostels word eenkant geskuif, en in die plek daarvan gekies vir 'n totstandkomingsmodel waar die gemeente van Efese (waarskynlik) deur hulle nadenke en hulle ondervindings opgeteken het hoedat die Gees met hulle op pad was.

Oor die styl van skrywe lees ek op bl 1324: 'Die manier waarop die skrywers van die Nuwe Testament gewoonlik geskiedenis geskryf het, het verskil van die manier waarop ons dit vandag doen. Hulle het nie daarin belang gestel om alles wat gebeur het, presies so letterlik en agter mekaar te beskryf soos dit gebeur het nie. Vir hulle was dit belangriker om te vra wat 'n mens uit die verskillende gebeurtenisse kon leer. Hulle sal dus in hulle verhale episodes rondskuif en selfs die storie so 'n bietjie verander, solank hulle net die betekenis van die gebeurtenis helder en duidelik kan teken.'

Kan dit sommer so maklik langs die inspirasieproses van die skrywe van die Bybel gesê word – selfs die storie so 'n bietjie verander – die drie varkies het 'n Rooikappie bygekry – Griet skryf 'n sprokie? Die taalgebruik weerspieël immers altyd ook iets van die ontsag wat jy vir iets het. En het Jesus dan nie in hierdie einste Evangelie belowe dat Hy en die Vader die Gees as Trooster na sy dissipels, sy kerk sal stuur om hulle te herinner aan alles wat Hy vir hulle gesê het nie? Skrifkritiek is om deur afkraking van die Woord van God eintlik die God van die Woord te beledig.

## Galasiërs

Ek val nou by Galasiërs in. In die vorige artikel is by geleentheid gewys op die anti-diskriminasie-obsessie wat op strategiese wyses en op strategiese plekke die oorhand gekry het in die kommentariëring. Die kommentator van 1 Timoteus het by 1 Timoteus 2: 19 e.v. vermeld dat Paulus in Gal 3: 28 beklemtoon dat mans en vrouens in Christus **gelyk** (beklemtoning oorgeneem) is. Hierna het 'n sin in die vorige artikel gevolg wat soos volg lui: 'Na my beste wete staan daar dat man en vrou in Christus gelykwaardig is.' Hierdie sin is ongelukkig verkeerd geplaas. Die oorspronklike bewoording van die outeur was: 'Na my beste wete staan daar dat man en vrou in Christus een is.' Kom ons hoor egter hoe verklaar die kommentator van Galasiërs hierdie teks. Hy skryf: 'In 3:28 neem Paulus die gedagte (van die voorafgaande, HLJM) 'n entjie verder: omdat alle gelowiges deur die doop ingeënt word op Christus, is daar geen onderskeid meer tussen hulle nie. Almal is deel van Christus en daarom is niemand in God se oë meer of minder belangrik nie. In die destydse samelewing het die Jode gedink hulle is in God se oë belangriker as die Grieke. Slawe is beskou as op 'n laer sosiale vlak as die vrymense. Net so is vrouens as minder belangrik as mans beskou. In die kerk mag hierdie soort diskriminasie nooit voorkom nie...' Die kommentator vereenselwig homself met hierdie verduideliking met die res van die kommentaar in die hele boek. Die positiewe en letterlike uitdrukking van die teks word verbygegaan, en daarmee die rykdom wat daarin verpak lê, verbygesien, omdat die anti-diskriminasie-obsessie die verklaarder verblind. Natuurlik is dit waar dat daar nie gediskrimineer mag word tussen verskillende soorte en stande van mense betreffende die volheid van die saligheid nie. Maar die positiewe uitdrukking van Paulus dat almal (alle gelowiges) in Christus een is, gee baie méér weer as dat die mense nie op mekaar moet neersien nie. Een wees in Christus bring gelowiges juis in hulle verskille liefdevol harmonieus saam, want almal het deel aan dieselfde genade.

Hier is 'n baie insiggewende teenstelling. Aan die een kant stel die apostel dat daar dan nou geen onderskeid meer is nie. Dit is die negatief. Wat is dan die positief? Is dit dat alle gelowiges dus gelyk is? Nee, nie so nie. Die apostel stel self die positiewe teenpool dat ons nou almal een is in Christus. Die verklaarder interpreteer hierdie teenstelling as dat die onderskeid tussen lidmate van verskillende stand deur die apostel nietig verklaar word. Dis sy eie interpretasie. Die apostel stel intussen self geïnspireerd hoedat die negatief met 'n positief beantwoord, deur God gekorrigeer is, naamlik deur die lidmate

van die onderskeie stande tot 'n eenheid in Christus te verenig. As die kommentator na aanleiding van Suid-Afrika se politieke verlede diskriminasie wil aanspreek: dit word nie opgehef deur die verskillende stande tot dieselfde stand, die verskillende soorte tot dieselfde soort te maak nie. Dan sal jy éérs disharmonie hê! Diskriminasie word in die kerk opgehef deur die lidmate te verenig tot harmonie en liefde in Christus ondanks hulle verskille, selfs met dankbare benutting van hulle verskille.

## Openbaring

Ek wil afsluit met enkele opmerkings oor die kommentaar op Openbaring. Vergeleke met betroubare uitleggings wat tot nou toe in Afrikaans gelees kon word, is die poging van die Bybellennium baie teleurstellend. Die vernaamste teleurstelling is die verklaringswyse wat die kommentator kies, in teenstelling met die sleutels wat die bybelboek self gee. Die boek Openbaring laat self weet dat dit 'n apokaliptiese boek, 'n profetiese boek, en 'n historiese boek is.

Die kommentator meen ons moet dit lees as 'n *'apokaliptiese dramatiese vertelling met 'n profeties-eskatologiese gerigtheid.'* Ek gaan weer die hoofklemme van die frase uitlig: die boek openbaring is 'n vertelling met 'n gerigtheid. Die gewone Afrikaanse betekenis hiervan is dat die dinge wat in die boek Openbaring staan nie werklikheid en waarheid is nie, maar persoonlike indrukke wat rakende 'n bepaalde gerigtheid oorvertel word.

Hierdie sienswyse is so deurslaggewend dat die kommentator met beslistheid sekere werklikhede soos die nuwe Jerusalem en die paradys as 'n blote indrukwekkende beskrywing van saamwees met God afhandel. Niks van die detailbeskrywings van die boek mag letterlik verstaan word nie. Die indruk kom oor asof ons dit dan ook nie as ernstig mag verstaan nie. Gedurig moet mens lees: Dis nou wel wat daar staan, maar ons moet dit nie letterlik verstaan nie. Dit is wel enersyds begryplik dat die kommentator die verbeeldingsvlugte waartoe onkundiges kan kom, wil teengaan, maar dit moet ook begryp word dat die detailbeskrywings van die troongesigte, die hantering van die tempeltoerusting – die skale, die komme, die bekers ens. asook die beskrywing van die nuwe blyplek van die gelowiges nie sonder meer net as indrukwekkende vertelling van die grootsheid van God se oordele of van ons gemeenskap met hom afgehandel kan word nie. Die verwagtings wat oor die eskatologie vanuit die vroegste hoofstukke van die Bybel verwoord is, en wat in die boek Openbaring finale bekragtiging vind, word nie erken nie. Die boek hang uiteindelik daar in die lug as 'n indrukwekkende vertelling oor die eskatologie. Die gesagvolle bevestiging van God self aan Johannes dat dit alles waar is, dat dit so sal gebeur, word nie erken nie. Wat daar staan moet ons nie ernstig neem nie. Dit word as indrukwekkende fiksie afgehandel.

## Samevatting

My indruk in den brede is dat DIE BYBELLENNIUM 'n enorme werkstuk is. Ek kon ongelukkig nie omvattend op alle sake en alle boeke in hierdie bespreking ingaan nie. Ruimte in artikels soos hierdie laat dit eenvoudig nie toe nie. Ek moes noodwendig die lesers met flitse en strepe in 'n voëlvlug daardeur neem. Ek het op baie plekke beslis goeie kommentaar gelees, goeie samevattings, goeie illustrasies. En nogtans, eindelik met al die goeie bedoelings daarvan, is die eenvolumekommentaar met eietydse toepassings niks anders as bolangse winkelpopdressering nie. 'n Kitskommentaar vir 'vandag'. Populêr net soos die Huisgenoot. Volgende week kom daar weer 'n ander een uit met ander kleure, nuwe modes en wenresepte, nuwe sensasionele verhale. Is dit hoe die Bybel is? As my vraag anders is, dan is die antwoord ook bietjie anders? Ek het iewers die spreuk oor die Klein Karoo Kunstefees gehoor: 'Classy,' 'Kitch' of 'Common,' maak nie saak nie, daar is iets vir almal. Is die Bybel ook so, om net te antwoord op die eietydse vrae wat ons vandag het, en soos my behoeftes van die dag is, so neem ek daaruit wat vir my relevant is soos die kommentator van die Johannes-evangelie dink? Dan is die ergste daarvan die dampe van Skrifkritiek wat oral opslaan en die gees verstik.

In die hande van 'n kind wat pas openbare belydenis van geloof gedoen het, of in die hande van 'n egpaar wat pas getrou het, of in die hande van 'n oupa wat pas verjaar het, of wat die geleentheid ook al mag wees - in die hande van 'n gereformeerde lidmaat hoort hierdie publikasie nie ongekwalifiseerd gelaat te word nie.

MEDIESE ETIEK

# Twee siek prinse

Dr JM Boon, Pretoria

**Ons het verlede keer gesien dat die HERE siekte in sy heilshistoriese plan gebruik. Deur middel van siekte kan die HERE sy ampsdraers bekeer of tot verdere toegewyde diens in sy koninkryk oproep. Ons gaan nou verder deur na nog ander siekes in die Skrif te kyk. Dit sal ons help met die vraag of daar 'n verband bestaan tussen die oorsaak en betekenis van siek-wees en die heilsgeskiedenis van Jesus Christus. Bestaan daar 'n verband tussen siekte en die verbond van die HERE?**

Die boekie oor siekebesoek van Ds JJ Arnold word weer met dankbaarheid gebruik[1].

Ons lees in die Bybel van twee siek prinse. Die eerste prins was die eie seun van Dawid. Die tweede was 'n seun van 'n ander koning: Jerobeam die eerste, wat God aangestel het, die teëstander van die huis van Dawid.

## Die eerste siek prins

Dawid se seuntjie moet sterf. Natan bring die berig aan Dawid na sy owerspel: Die kind wat gebore is, sal sekerlik sterwe (2 Sam 12: 14). Self sal Dawid nie sterf nie, nadat hy berou gehad het oor die sonde. Ons lees dat die Here Dawid se sonde vergewe het.

Dawid smeek dan die HERE, terwyl hy 'n lang tyd gevas het, of Hy nie die lewe van die kind wil spaar nie. Die HERE staan nie die versoek van Dawid toe nie. Na 'n week sterf die kind.

Waarom het hierdie kind siek geword en gesterf? Dit is duidelik dat die HERE hierdie kind siek maak en laat sterwe.

[1] JJ Arnold. *Wie is hier niet verlegen, over ziekenbezoek.* 2de druk. Goes: Oosterbaan, 1991, p17-35. Ds Arnold is emeritus predikant van die Gereformeerde Kerke in Nederland (vrijgemaakt), Amersfoort-Wes. Sy boekie oor siekebesoek word hartlik aanbeveel. Die artikel verwoord sy gedagtes in my woorde.

Ons lees in 2 Samuel 12:15 dat die HERE die kind wat die vrou van Uria vir Dawid gebaar het, getref het, sodat die kind ernstig siek geword het. Een ding is duidelik. Die pa van die kind het teen die HERE gesondig. Hy het hom vergryp aan die volk van die HERE wat Hy moes versorg. Dawid het nie as individu in die eerste plek gesondig nie, maar as koning. Hy het owerspel gepleeg en ook Uria aan die front van die geveg deur die swaard van die vyand vermoor. Die koning het sowel die verbondswet (Ex 20:1-17) as die koningswet (Deut 17:14-20) oortree. Hy moes 'n herder vir die volk van die HERE wees, maar hy het hom gedra soos 'n oosterse tiran ten koste van sy onderdane. So 'n koning kan God nie gebruik nie. Dawid moes net soos Saul verwerp word.

Tog spaar die HERE Dawid se lewe en vergewe sy sonde. Maar die kind sterf. Natan maak dir baie duidelik: ' Omdat u die vyande van die HERE deur hierdie saak aanleiding gegee het om grootliks te laster, sal die kind sekerlik sterwe.'

Dawid se koningskap moes messiaans gewees het. Hy het hom egter anti-messiaans gedra. Die koning sal onder die indruk kom van wat dit beteken. Hy sal voel dat die genadige God nie hierdie smaad oor sy Naam kan toelaat nie. Hy wil hê die volk moet uitsien na die groot Herder-koning van sy belofte. As Dawid die uitsig na hierdie Koning verduister, dan ywer die HERE vir sy Naam en vir sy beloofde Koning.

Hy het aan Dawid groot beloftes gemaak. Hy het Dawid uitgekies as koning van 'n ewige koningshuis (2 Sam 7). Hy het aan Dawid belowe: 'Ek sal jou nakomeling wat uit jou liggaam voortkom laat optree en sy koningskap bevestig. Hy sal vir my Naam 'n huis bou en Ek sal sy koninklike troon bevestig tot in ewigheid'.

Die HERE maak hierdie belofte nie ongedaan deur die seuntjie dodelik te tref nie. Die dood van hierdie prins sal 'n teken in Israel wees: nie langs die weg van die willekeurige ontroue koning nie, maar langs die weg van die HERE se ewige uitverkiesing. Israel sal alleen uit genade lewe. Die prins is nie getref vanweë straf op sy eie sondige dade nie. Hy het ook nie gesterf as gevolg van die sonde van sy pa nie. So werk die HERE nie. 'Die seun sal nie die ongeregtigheid van sy vader help dra nie, en die vader sal nie die ongeregtigheid van die seun help dra nie...' (Eseg 18:20, Deut 24:16).

*Die HERE gebruik die siekte en sterwe volgens sy soewereine wil*

Die sterwe van die seun is vir Dawid en die volk nodig. Dit is vir die volk ten goede. Die HERE het die seun siek gemaak en laat sterwe. Hy het dit beskik. Dawid het dit erken. Die HERE ywer vir sy Naam en daarom ook vir sy volk. Hy laat nie toe dat die vyande van die HERE laster as die koning van sy volk in sonde val nie.

Ons kan dus nie altyd siekte en sterwe koppel aan sonde en straf nie. Die HERE gebruik die siekte en sterwe volgens sy soewereine wil. Ons sien hier dat die HERE sy raad hiermee wil dien. Hy werk heen na die belofte aan sy kneg Dawid. Die groot Herder moet kom. Hierdie Herder sal ook tot seën van al die volke wees en sal al sy vyande maak tot 'n voetbank vir sy voete.

## Die tweede siek prins

Abia was die seun van koning Jerobeam I. Hy was waarskynlik ouer as die vorige prins.

Abia word siek, dodelik siek. Waarom word Abia siek?

Ons lees in 1 Konings 14 oor Abia wat siek word. Dit was in die tyd van die profesieë teen Jerobeam. Die siekte van Abia was vir die koning en koningin 'n groot slag. Jerobeam stuur sy vermomde vrou om aan Ahia die profeet te vra, wat met die seun sal gebeur. Ahia was die profeet van die HERE wat gesê het dat Jerobeam koning sou word oor die volk. Maar die HERE het aan Ahia bekend gemaak dat Jerobeam se vrou op pad is om hom te raadpleeg oor haar seun. Ahia bring dan die harde boodskap aan die vrou van Jerobeam.

Iets verskrikliks gaan gebeur. Die HERE gaan die koningshuis van Jerobeam met afgryslike dinge tref.

Sy koningshuis sou bestendig gewees het. Die HERE het dit deur die profeet aan hom bekend gemaak: 'En as jy luister na alles wat Ek jou beveel en wandel in my weë en doen wat reg is in my oë deur my insettinge en gebooie te hou, soos my kneg Dawid gedoen het, dan sal Ek met jou wees en vir jou 'n bestendige huis stig, soos Ek vir Dawid gestig het' (1 Kon 11:38).

Maar Jerobeam het hom nie gesteur aan die insettinge en gebooie van die HERE nie. Jerobeam het nie soos Dawid sy sonde bely en berou daaroor gehad nie. Nee, Jerobeam het in sonde gelewe en die volk in sonde *laat* lewe. Op eiewillige manier het hy teen die tweede gebod van die wet gelewe en die volk in afgodediens gelei. Sy koningskap was 'n krenking van die HERE onder die skyn van godsdienstigheid.

Hieroor kom die straf van die HERE. Die verbondswraak van die HERE ontvlam teen Jerobeam se huis. Die HERE sê: 'Omdat jy nie na my gebooie geluister het, maar jy meer kwaad gedoen het as al jou voorgangers en vir jou ander gode en gegote beelde gaan maak het om My te terg... kyk, daarom bring Ek onheil oor die huis van Jerobeam en sal van Jerobeam uitroei al wat manlik is in Israel, sonder uitsondering, en Ek sal die huis van Jerobeam skoon wegvee soos 'n mens drek wegvee totdat daar niks van oor is nie. Die een wat van Jerobeam in die stad sterwe, hom sal die honde eet, en wat in die veld sterwe, sal die voëls van die hemel eet' (1 Kon 14:8-10).

Daar is egter een uitsondering. Dit is die prins Abia. Ahia bring die Woord van die HERE aan die vrou van Jerobeam, na die afkondiging van die verbondswraak van die HERE oor die huis van Jerobeam: ' gaan na jou huis; as jou voete die stad inkom, sal die kind sterwe. En die hele Israel sal hom beklaag en hom begrawe, want hy alleen van Jerobeam sal in 'n graf kom, omdat in hom iets goeds voor die HERE, die God van Israel, te vinde was in die huis van Jerobeam.' (1 Kon 14:12,13).

Vir Abia was sy sterwe 'n weldaad te midde van die wraak van die HERE wat die huis van Jerobeam tref. Hy word van smaad en skande gespaar.

Ook vandag moet ons besef dat die HERE sy ongehoorsame kerkvolk wat die moderne beeldediens beoefen, nie sal spaar met sy verbondswraak nie. So kan God ook vandag sy kinders slaan met siekte en dood, as deel van sy wraak oor ongehoorsaamheid. Die wraak van die verbond, waarvan ons lees in Deuteronomium 28, sal oor ons kom, as ons nie luister na die stem van die HERE om sorgvuldig al sy gebooie te hou nie. Ook dan beloof die HERE dat Hy ook siektes soos tering en koors en vurige koors en ontsteking (Deut 28:22) kan gebruik om ons terug te roep na sy diens.

Die seun van Dawid *moes* sterf. Nie vanweë eie sondes of dié van sy pa nie. Sterf, terwille van die Naam van die HERE, die koningshuis van Dawid en die volk van die HERE.

Die seun van Jerobeam *mag* sterf en begrawe word danksy die guns en goedheid van die HERE oor hierdie prins temidde van die wraak van die HERE oor die goddelose koningshuis.

# SKRIFKRITIEK - VERWERPING VAN SKRIFGESAG

Prof JD du Toit (Totius)

**Wie het die sterwe van Moses in die laaste hoofstuk van Deuteronomium beskrywe? Het Moses self oor sy heengaan geprofeteer? Of het 'n redakteur (moontlik Josua) die laaste deel van die Tora geskryf? En was daar meer redakteurs wat tekste aan oorspronklike handskrifte toegevoeg het? Totius beantwoord hierdie vraag in een van die artikels oor Skrifkritiek wat hy op versoek van 'n nasionale sinode geskryf het. Dié artikel is in *Die Kerkblad* (no. 680) van 7 Oktober 1930 gepubliseer en word hier verkort weergegee (sonder die aanhalings in Nederlands).**

Ons het laas gesien wat die metode is van die beoefenaars van die Skrifkritiek. As 'n uitspraak van die Skrif niet met hulle sienswyse ooreenkom nie, dan verwerp hulle dit eenvoudig.

## Teksverandering

Nog net een voorbeeld, nou uit die profetiese boeke, wat betrekking het op die wetgewing by Sinai. Honderde jare ná dié gebeurtenis sê die Here deur die mond van Hosea aan die volk: 'Ek het hom tienduisende *leringe* van my wet voorgeskrywe'.[1] Elkeen wat die gesag van Gods Woord aanvaar, sal dadelik sê: Die sterk uitdrukking 'tienduisende' (letterlik: miriades) sien op die groot aantal en ryke verskeidenheid van die wette wat God deur Moses gegee het.

Maar nee, so dink die Skrifkritikus daar nie oor nie. Wat doen hy om aan die klem van dié woord te ontkom? - want uit Hosea se woord blyk duidelik dat dié eintlike wetgewing nie eers ná Hosea ontstaan het nie. Die Skrifkritikus *verander sonder enige grond of rede die teks.* So byvoorbeeld die Leidse Vertaling, wat daar dit van maak: 'Al schrijf Ik hem *de woorden* mijner wet voor'. Omdat die miriades van wetsleringe die kritikus hinder, moet dit verander word in 'woorden'. En dan sê hy in sy aantekening (wat maklik genoeg is, ná die teksverkragting): 'Hosea heeft het oog op de inhoud van Ex 21:1-23:13' - dus net op 'n paar wette wat in die sogenoemde 'verbondsboek' geskrywe staan! Só is dit maklik om 'n teorie op te bou.

Maar juis daarom - omdat die Skrifkritiek met Gods Woord net maak wat hy wil - gaan die Skrifgelowige met dié rigting selfs geen enkele skrede saam nie. Wil ons die gesag van die Skrif nie aanrand nie, dan moet ons àl sy uitsprake, ook die wat op historiese en oudheidkundige onderwerpe betrekking het, as bondig, waar en onfeilbaar aanneem.

## Redaksionele toevoegings aan tekste

Maar nou nog 'n laaste punt.

Ook in ons land het ons die bewering gehoor dat daar eintlik nie soveel verskil is tussen wat ortodokse skrywers enersyds en Skrifkritikusse andersyds leer nie. Want, so gaan die redenering voort, die ortodokse geleerdes spreek van redaksionele byvoeginge wat later eers aangebring is, soos byvoorbeeld in die geval van die laaste hoofstuk van Deuteronomium, waar die dood van Moses verhaal word.

## Wat is hiervan aan?

Ongetwyfeld spreek ook die ortodokse geleerdes van byvoeginge of van 'latere redaksie' van die voorhande stof. Maar dan word daarby aangeneem dat dié man wat redigeer, *ten volle deur die Gees van God geïnspireer was*. So byvoorbeeld het miskien Josua die dood van Moses beskrywe, maar hy was daarby net so geïnspireer soos Moses self.

Maar watter soort man is die 'redaktor' (redakteur) van die Skrifkritiek, van wie ons so oneindig veel hoor? (Totius wys op die Duitse teoloog Kittel en gee 'n aantal aanhalings uit 'n Nederlandse vertaling van Kittel se boek oor die Ou Testamentiese wetenskap. Hy vat Kittel se Skrifkritiese betoog saam soos hieronder volg.)

## Loëning van die Outeur van die Skrif

Daar gelaat nou die mindere punte van verskil tussen die Bybelskrywer wat enkele redaksionele byvoeginge aanbring, volgens ortodokse geleerdes, èn die 'redaktor' van die Skrifkritiek, is daar enige hoofpunte van verskil waar ons op moet wys:

1 Die skrywer wat volgens ortodokse standpunt iets by die oorspronklike geskrif byvoeg, is 'n man van wie aangeneem word dat hy ten volle deur die Gees van God geïnspireer is. Van die 'redaktor' sê Kittel dit met geen woord nie. Die woord 'inspirasie' kom in die hele bewuste hoofstuk nie eens voor nie. Die 'redaktor' is net 'n religieus-etiese persoonlikheid wat die ou verhale aan sy insigte diensbaar maak. Maar as die man nie geïnspireer is nie, watter gesag het sy werk dan vir my? Met sy beskouinge kan hy my juis dan verkeerd lei. Watter waarborg het ek dat die 'bepaalde bedoeling' van die redaktor ook die bedoeling is van die Gees van God?

2 Kittel sê dit dan ook ronduit dat sy 'redaktor' soms sondig teen die geskiedkundige verloop self. Vir die skrywer van die Kronieke, Esra en Nehemia word ons uitdruklik gewaarsku! Ons moet dié boeke 'versigtig' gebruik. Wat bly daar nou oor van die absolute betroubaarheid van Gods Woord? Die ou verhale is, volgens Kittel, nie betroubaar nie maar dikwels produkte van fantasie. En dan kom nog die 'redaktor' wat die stof verder verwerk en soms verknoei! Met ander woorde, die 'redaktor' van die Skrifkritiek is self al 'n Skrifkritikus! Waar beland ons op die manier met die Skrif? ...

## Die Woord van God

Laat ons dan nou ten slotte, op grond van alles wat gesê is, die beweringe kortliks weerlê wat nogal dikwels gehoor word ten opsigte van hierdie saak.

1 Die ortodokse godgeleerde beoefen nie die inleidingswetenskap (kanoniek) om daarmee, in hoe geringe mate ook, aan die Skrifkritiek deel te neem nie. Nee, hy moet kennis neem van die metode en resultate van die Skrifkritiek *maar alleen om dit te bestry*.

2 Die 'latere redaksies' waar Kuyper, Aalders en ander van spreek, het niks te maak met die werk van die Skrifkritiese 'redaktor' nie. Kuyper sê dan ook uitdruklik dat die hele samestelling van so 'n geskrif, met inbegrip van die latere redaksies, onder die inwerking van die Skriftuurlike inspirasie geplaas moet word. By Kittel se 'redaktor' is van geen inspirasie sprake wat vir dwaling kan behoed nie. Die 'redaktor' is feilbaar. Al wat hom lei is sy religieus-etiese aanleg wat hom help om die 'leiding van God' in die geskiedenis op te spoor.

3 Om te sê: 'Ek volg die metode van die Skrifkritiek maar nie sy resultate nie', is selfbedrog. Die *metode* self van die Skrifkritiek is verkeerd, want *die gesag van Gods Woord word op kardinale punte verwerp*. In die plek daarvan word gestel die gesag van die mens wat sogenaamd beter weet wat in die Skrif moet staan en nie staan nie. Wie volgens ons Belydenis die Skrifgesag ten volle aanvaar, kan met die Skrifkritiek geen enkele skrede saamgaan nie.

---

[1] Hos 8:12.

# MINDER GEREFORMEERD, MEER CHARISMATIES?

Dick en Jeanette Westerkamp is voorstanders van die charismatiese beweging in gereformeerde geledere (Nederland). Na aanleiding van 'n onderhoud wat met hulle gevoer is, skryf HJ Boiten in *Nader Bekeken* van Februarie 2000 soos volg (vertaald weergegee):

*'n Ontstellende onderhoud - nie omdat die charismatiese beweging iets nuuts is nie, maar wel omdat 'n Nederlandse Gereformeerde Kerk (Houten) haar deur bewus oopmaak vir charismatiese gedagtegoed. Daarmee verander 'n 'gereformeerde' gemeente in 'n charismatiese gemeente. Daarmee verander ook die aard van die kerkverband. Nie in 'n oogwink nie, maar dit is 'n proses van vermenging, verandering. 'n Springlewendige charismatiese beweging wen veld in 'n kwynende gereformeerde gemeente, waar die weerstand teen dwaling weggesypel het.*

Boiten dring tot die kern van die charismatiese beweging deur as hy die Westerkamps, met wie die onderhoud gevoer is, oor hulle siening romdom 'gebedspastoraat' aanhaal: *In die gebedspastoraat staan luister na God sentraal. Die vraag kom op: Hoe weet ons dat dit God is wat spreek? Daarom het ons 'n ruk lank luisterkringe gehad. Ons bid, lees uit die Bybel – en word stil. Die een kry 'n beeld, die ander 'n teks. Emosies breek los. Vir 'n aantal mense het hulle geloofslewe heeltemal verander.*

Boiten lewer kommentaar: *Wat is die tipies charismatiese in hierdie verhaal? Nie dat daar uit die Bybel gelees word nie. Nie dat daar gebid word nie. Maar dat daar – nádat die Skrif gelees is en daar gebid is – eers werklik na God geluister word: 'n beeld, 'n teks, emosies. Natuurlik, daar word gesoek na die God van die Bybel. Dit is egter charismaties dat dié God nie alleen deur sy Woord spreek nie, maar dat Hy deur sy Gees ook regstreeks praat. Hier en nou in die stilte spreek Hy tot jou. Dit is die charismatiese profesie: 'n profesie langs die Bybel. In die gawe van profesie het jy te doen met 'n regstreekse inspirasie van die Gees.*

En hoe weet jy dat jy in die stilte nie dalk slegs jou eie stem hoor nie? Hoe kan jy seker wees dat God daarin aktief is? Word dit aan die norm van die Skrif getoets? Die Westerkamps antwoord: *'n Charismatiese gelowige het verstand om dit te beoordeel. Ons soek die God van die Bybel, en vra Hóm om tot ons te spreek. As iemand se geloofslewe verander, kan jy met vrymoedigheid vasstel dat dit werklik Hy is wat in die stilte met jou gepraat het.*

Sowel die spreke van God as die luister van die mens word aan die mens oorgelaat. Nie die Skrif nie, maar die menslike gevoel is maatstaf.

Boiten wys ook uit hoe hierdie invoer van die charismatiese die vorm van erediens in die Nederlands Gereformeerde Kerk Houten beïnvloed. *Die oggenddiens het dieselfde gebly, maar die middagdiens het 'n buigsame liturgie met 'n blye en ongedwonge sfeer. Tydens die middagdiens is ruimte geskep om te getuig van jou groei. Groei is hier bedoel as proses van verandering deur gebedspastoraat. Dit beteken dat dit al warmer vir jou word, dat jy anders na jouself en na God kyk, dat God in jou lewe blokkades opruim. Oor daardie groei mag mense tydens die erediens getuig.*

Boiten merk in verband hiermee op: *Ook hierin herken jy die charismatiese. Die diens van die Woord verdwyn nie geheel en al nie. Nee, maar die aksent verskuif. Langs die diens van die Woord, gebed en lied, word ruimte geskep vir die diens van getuienislewering. Getuienis van groei, van aktuele en onmiddellike werk van God se Gees, met name in die besondere geestesgawes.*

By verandering in liturgie bly dit nie. Verset teen die gereformeerde leer kan nie uitbly nie. 'n Voorbeeld is die kwessie van die doop: kinderdoop (gereformeerd) of volwassedoop (charismaties)? *In Houten is vir albei ruimte. Ons skaf niks af nie, maar voeg toe. Opregte christene kan self uitmaak hoe hulle die doop verkies. Oor hierdie saak kan teoloë maar stilbly.* Boiten voeg daaraan toe: *Die gereformeerde leer van die verbond en die kinderdoop blyk 'n steen des aanstoots te wees. Charismatici is so tolerant (hulle duld alles- GJM), solank die gereformeerdes maar net hulle mond hou.*


Dit verg geen profetiese vergesig om in te sien waarheen die Nederlandse Gereformeerde Kerk Houten beweeg nie. Saam met Boiten moet daar met droefheid gekonstateer word dat kwynende, hartelose gereformeerd-wees gestoomroller word deur vurige charismatisme. Wat vir die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika van belang is, is om vas te stel waar die skoen in gelyke mate druk. Die verhouding tussen Gees en Woord sal immer 'n punt van bespreking bly. Werk die Gees slegs deur die Woord, of ook saam met (en selfs langs) die Woord? Ons Skrifgefundeerde belydenis is onomwonde: die Heilige Gees werk die geloof in ons harte *deur* die verkondiging van die heilige evangelie (HK Sondag 25). Maar hoe word hierdie belydenis beleef? Vanuit die metodisme en die pinksterkerke word die kerkvolk blootgestel aan aanslae soos: in my stiltetyd het die Gees hierdie Woord op my hart gelê om aan jou mee te deel. En gereformeerde eredienste word plek-plek ook 'gemakliker' ingeklee, sodat ruimte geskep kan word vir 'stil gebed' en 'onderlinge getuienislewering'. By dit alles moet onthou word dat die GKSA formeel kerklike korrespondensie voer met die Nederlandse Gereformeerde Kerken. Hierdie aangeleentheid verdien ernstig aandag.

# SIMBOLE WEN VELD IN NG KERK

Die afgelope weke is daar in die dagpers heelwat geskryf oor die wegdoen al dan nie van 'kerklike simbole', soos die kansel en die viering van die kerklike jaar.

Neels Jackson skryf in *Beeld* van 17 Maart: *moet die NG Kerk 'gereformeerd bly' of 'meer charismaties' word? Dít is die twee pole wat dikwels genoem word wanneer daar oor vernuwing in die NG Kerk gedebatteer word.*

In sy artikel haal Jackson vir dr Ferdie Clasen, voorsitter van die werkgroep vir simbole en liturgie (Universiteit Pretoria) aan. Clasen verduidelik die situasie rondom simbole aan die hand van die volgende grafiese voorstelling:




*Op die vertikale as word onderskei tussen 'n meer rasionele benadering tot die godsdiens (bo), en 'n meer emosionele benadering (onder). Die horisontale as beweeg tussen 'n beklemtoning daarvan dat 'n mens God kan ken soos Hy Hom geopenbaar het (regs) en 'n beklemtoning daarvan dat 'n mens God nooit werklik kan ken en begryp nie (links). Deur die kombinasie tussen die verskillende punte op die verskillende asse kan 'n mens vier hoofspiritualiteitsgroepe onderskei.*

- *Regs bo is die tipies gereformeerde tradisie waarin die NG Kerk sy wortels het. Daar word baie klem gelê op die korrekte leer en belydenisskrifte is belangrik. Van emosie word daar egter min gemaak.*
- *Regs onder is die "charismatiese" hoek. Die Bybel is belangrik, maar belewenis ook.*
- *Die "mistieke" spiritualiteit met al sy simbole lê links onder. 'n Mens kan God nie met jou verstand ken nie.*
- *Die "ekumeniese beweging" lê links bo. God se koninkryk moet met dade uitgebou word. Sosiale geregtigheid is belangrik.*

Clasen is van mening dat daar in die NG Kerk *'n sterk beweging is na die onderkant van die grafiek, waar emosie beklemtoon word. Hy benadruk egter ook dat 'n mens nie kan sê dat enige van die vier kwadrante reg is en die ander verkeerd nie. Hy bepleit dat elke mens, en selfs ook 'n gemeente, moet bepaal waar hy die meeste tuis voel. Dit bly egter belangrik om doelbewus blootstelling aan die ander drie spiritualiteitstipes ook te gaan soek, want anders kan die manier waarop 'n mens God verstaan, eensydig ontwikkel.*

Oor die 'simbool' van die kansel oordeel Clasen dat *dit van die bedieningstyl in die gemeente, asook die argitektuur van die kerkgebou afhang of die kansel daar moet wees, of nie.* Dr Frederick Marais van Stellenbosch sê dat *die kansel nie net simbool kan wees dat die Woord van God en die verkondiging daarvan sentraal staan in die erediens nie. Dit kan ook 'n simbool wees van 'n baie outoritêre styl.*

'n Ander simbool wat bepleit word, is die gebruik van kerse. *Op Donderdagaand voor Goeie Vrydag kom die gemeente byeen om nagmaal te vier. Voor in die kerk brand dertien kerse. Die predikant lees die lydensverhaal uit die Bybel voor. By elke kritieke punt in die verhaal word 'n kers doodgeblaas. Wanneer hy kom by die punt waar Jesus aan die kruis sy laaste asem uitblaas, word die laaste kers ook uitgeblaas. In die kerk is dit stikdonker en stil. 'n Rukkie later lees die predikant van die opstanding, waarop een kers weer aangesteek word.*

Vir 'n vreemdeling in Jerusalem mag die klemverskuiwing in die NG Kerk vars, verfrissend en opboudend voorkom. Wat is egter intussen besig om te gebeur? Presies dieselfde wat in die NGK Houten, waarvan hierbo melding gemaak is, plaasvind. Die preekstoel uit, kerse in. 'So sê die Here' uit, 'so voel die mens' in. Godgewilde en -gegewe orde uit, menslike voorkeur vir loslit-godsdienstigheid in.

'Gevoel' wat – so word gesê – in die verlede geen rol in godsdiens gespeel het nie, kry nou sy regmatige deel in die belewing van godsdiens. Ten koste waarvan? Kennis. Vertrouende kennis. Geloofskennis, wat beslis nie die mens se emosie uitsluit nie. Hoe kan ware geloof 'gevoelloos' wees? Is liefde vir die Here dan geen brandende ywer nie?

Die onderskeiding in die vier kwadrante is myns insiens niks anders as 'n sielkundig geïnspireerde gedagtespinsel wat kunsmatig op die kerk toegepas word nie.

Met betrekking tot die gebruik van simbole is dit opvallend dat ons Here Jesus Christus twee sakramente ingestel het: die heilige doop en die heilige nagmaal. Slegs hierdie twee, 'om ons geloof te voed en in stand te hou' (NGB Artikel 33). Daarmee saam word ons voortdurend herinner aan die waarskuwing van die tweede gebod (HK Sondag 35): 'Mag ons beelde (simbole?) as "boeke van die leke" in die kerkgeboue toelaat? Nee, want ons moet nie wyser as God wil wees nie. Hy wil sy christene nie deur stom beelde nie, maar deur die lewende verkondiging van sy Woord laat onderrig'.

## IS DIE OUDERLINGE GEBEDSGENESERS?

'n Aktuele vraag, na aanleiding van Jakobus 5:14 en 15a – 'Is daar iemand siek onder julle? Laat hom die ouderlinge van die gemeente inroep, en laat hulle oor hom bid nadat hulle hom in die Naam van die Here gesalf het. En die gebed van die geloof sal die kranke red, en die Here sal hom oprig'.

Ds Rob Visser gee in *Kompas* van Maart 2000 'n heel ander antwoord op die vraag as wat die 'charismate' verkondig. Enkele momente word uit sy Skrifoordenking aangehaal.

*As 'n mens na die Griekse woord in die eerste deel van vers 14 kyk, val dit op dat siek wees 'swak wees' of 'min krag hê' kan beteken. Altwee hierdie betekenisse kom in die Nuwe Testament voor. Dit is selfs nie so dat 'siek wees' die belangrikste betekenis is nie. Voorbeelde in die Skrif waar ons die woord met 'swak wees' of 'min krag hê' moet vertaal is onder andere Romeine 4:9, 5:6, 8:3 en 26, 14:1, 15:1; 1 Korintiërs 8:9 en 10, 9:22; 11:29.*

*Dit is dus duidelik dat die verband waarin die woord gebruik word, vir ons moet wys of die betekenis 'swak wees', min krag hê', of 'siek wees' is. As ons vir die betekenis van 'swak wees' of 'min krag hê' kies, ... gaan vers 14 oor iemand wat in die gemeente geen krag, energie en uitsig in sy lewe het nie. Deur sy swak wees weet hy nie hoe om verder te kan lewe nie. Hy raak daardeur ook swak in die geloof en begin met allerhande geloofsvrae worstel. Hierdie swakte of futloosheid kan die gevolg*

*wees van 'n siekte of as gevolg van ander omstandighede wat 'n mens geestelik moeg maak.*

*As iemand in die gemeente so voel, het hy ander mense nodig. Juis dan het hy die ouderlinge baie nodig. Ouderlinge wat vanuit die Woord kan bemoedig, en vir hierdie broeder of suster weer perspektief kan gee.*

*Dit is opvallend dat hy die ouderlinge moet roep. Ons mag dan nie sê dat die ouderlinge dit (sy swakheid – GJM) self moet opmerk nie, of sê: 'Toe ek so depressief gevoel het, het ek die dominee of die ouderling nie gesien nie'. Die Heilige Gees wys vir ons uit dat dit dan juis die taak van die gemeentelid is, om die ampsdraer te skakel en te vra vir 'n besoek.*

*Die inhoud van hierdie besoek moet dan veral deur die gebed gekenmerk word: 'en laat hulle oor hom bid nadat hulle hom in die Naam van die Here gesalf het'. Die gebed is die belangrikste. Die salwing met olie was 'n Joodse gebruik, waar iemand simbolies aan die HERE gewy word. Hierdie simboliese handeling moet die depressiewe broer of suster juis weer wys op die vreugde van die Gees. Dit dui op die blydskap en houvas wat hy in Christus mag hê.*

*As die ampsdraer vir die broeder of suster bid en die broeder of suster leef ook in die verwagting op die HERE, sal die HERE hom of haar red. So word hierdie persoon gered van die afval van die HERE en van God se oordeel.*

*Ten slotte vers 15. Ons lees die woord 'kranke' in ons vertaling. In die Griekse teks word 'n ander woord as in vers 14 gebruik. Verplig hierdie woord vir ons om aan iemand te dink wat fisies siek is? Nee ... ook hier het die woord die betekenis van vermoeid of afgemat wees (vergelyk Hebreërs 12:3). Dit is seker dat die HERE hom/haar (die beproefde – GJM) in die omstandighede weer nuwe krag en moed sal gee, om nie teen die omstandighede vas te kyk en so die geloof te verloor nie.*

Visser sluit sy Skrifoordenking sóos volg af: *Ons sien hier die heerlike beloftes van die HERE. Ook sien ons dat ons nie onseker teenoor gebedsgenesers en charismate hoef te wees nie, wat sê dat genoeg geloof altyd weer siekte sal genees. Dit sê Jakobus 5:14,15 juis nié. Al verander die omstandighede nie, of al lê jy op jou sterfbed, nogtans gee die HERE op die gebed al die krag wat nodig is om in geloof staande te bly.*

Buiten dat ds Visser die 'charismatiese' uitleg van Jakobus 5 oortuigend weerlê, word elke gelowige opgeroep tot ware 'charismatiese/Geesvervulde' diens: die terneergedrukte, siek persoon wat hulp nodig het, sowel as die ampsdraers (besondere sowel as algemeen) wat hulp moet verskaf. Laat almal mekaar vasmaak aan die enigste ware troos wat daar in lewe en in sterwe is: aan Christus se offer, aan Vader se sorg, aan die nabyheid van die Heilige Gees.

## KORT - MAAR KRAGTIG

*Hy verlig elke baken op die pad, sodat ons in sy lig die waarheid en die werklikheid kan sien. Eindelik, wanneer die laaste stuk van die pad al donkerder word, skyn Hy al helderder, totdat by die laaste baken die volle dag van die glorie en die heerlikheid van God oor ons uitbreek.*

Slotwoorde uit die boek *Geboorte, Huwelik, Dood* van die hand van prof. PS Dreyer - Hervormde teoloog - wat op 1 Desember 1999 onverwags oorlede is.

*Vir water moet 'n mens ontsag hê. In 'n droogtegeteisterde land soos Suid-Afrika lyk hierdie waarskuwing betekenisloos, totdat 'n vloedramp ons tref.*

Die redakteur, *Die Kerkblad*, na aanleiding van die onlangse watervloede in Mosambiek.

*Dink aan iemand wat op die verre platteland van China woon. So iemand kan uit die natuur om hom tot die besef kom dat daar 'n God moet wees. As hy homself ken en sy eie swakhede besef, en hy besluit om hom in vertroue op hierdie almagtige Wese te werp, dan is dit die drie-enige God aan wie hy homself toevertrou.*

Prof. Andries Kruger, soos aangehaal in die dagpers, Januarie 2000. Natuurteologie uit die pen van 'n gereformeerde teoloog. Dit verdien aandag.

*Ses miljoen gulden (ongeveer R18 miljoen) oorskot in sendingkas.*

Opskrif in Nederlands Dagblad aan die einde van verlede jaar.

Wat sou ons nie alles daarmee kon doen op die Suid-Afrikaanse en Afrika-sendingveld nie?

*Wij moeten ín de wereld zijn, en op die breede straat strijden voor God. Want Christus is gedood, niet op de smalle weg, maar op de breede.*

Prof. Klaas Schilder in Tolle lege (neem en lees).

*Die gesag van God se Woord is nie slegs 'n leerstuk wat onderskryf moet word nie, maar wel deeglik 'n prioriteit wat nagejaag moet word.*

John F MacArthur in *Drawing Near*, 1993.


FOLMER BOEKHANDEL
19e laan 283, 0186 Villieria, Tel/Faks 012 - 329 0031
Posbus 11607, 0121 Queenswood
E-Mail: iti03960@pop3.mweb.co.za

BIEWENGA, A: DE KAAP DE GOEDE HOOP
Een Nederlandse vestigingskolonie 1680-1730. Ad Biewenga skets 'n kleurryke en ruim gedokumenteerd beeld van die alledaagse lewe in die Kaapkolonie. Van die deurreisigers wat, op pad of terugkerend uit Oos-Indië, die halfwegstasie onveilig gemaak het. En die gevestigdes, die Nederlandse, Franse en Duitse koloniste, wat die landbou en wynbou in die land gevestig het, waarop later hul Indiese, Indonesiese en Afrikaanse slawe gewerk het.
'n Skitterende en maklik leesbare studie, waarin hierdie interessante tyd uit die Nederlandse koloniale geskiedenis opnuut in die ope gebring word. 346 bls. R193

HAAK, C J: KERK IN DE 21e EEUW
Weer kerk voor de wereld zijn.

'Kerk in de 21e eeuw' maak korte mette met die selfgenoegte idee dat die kerk-van-vandag is wat God haar bedoel het. Die doel is nie om paniek te saai nie, maar om na te dink en te soek na die kerk van die Gees van Pinkster. Die kerk moet weer 'n kerk vir die wêreld wees. Net soos in die reformasie-tyd is die nuwe millennium rede om die Skrif met hernude aandag te lees.
96 bls. R72,85